

**30 November**

**Skrifgedeelte: Kolossense 4:2-18**

**Fokusgedeelte: Kolossense 4:5**

**Die kerk reik uit**

Die lewende kerk van die Here reik uit na "die mense wat nog buite die gemeente is". Dit is baie belangrik hoe hierdie uitreiking plaasvind.

Paulus gee hier belangrike riglyne vir verkeer en gesprek in die gewone lewe met hulle wat nie Christene is nie. Hy sê ons moet "met wysheid" optree. Hierdie wysheid kom daarin uit. Hierdie wysheid kom daarin uit dat dit wat ons sê, altyd "vriendelik" is en van "goeie smaak getuig", en verder dat ons weet hoe ons "elkeen behoort te antwoord".

As ons afwyzend, vyandig of aanvallend teenoor mense optree, kan ons nie werklik uitreik en mense bereik nie. Ons skakeling moet vriendelik en tegemoetkomend wees.

Dis opvallend dat Paulus sê dat ons moet weet hoe ons elkeen behoort te "antwoord". Dit beteken dat ons so ingestel moet wees op iemand se lewe dat ons die vraag of vrae daarin raaksien. Dit gaan nie net oor letterlike vrae wat aan ons gestel word nie. Ook onuitgesproke vrae wat na ons toe kom uit mense se lewe, hulle manier van optrede, hulle gemoedsgesteldheid.

Juis in hierdie verband is dit belangrik om "die beste gebruik te maak van elke geleentheid". Ons oog moet geoefen wees om die vraag of vrae in iemand se lewe raak te sien. Dit is die Heilige Gees alleen wat ons hierdie wysheid kan gee en daarom moet ons in gebed ook daarvoor bly vra.

Dit vra ook ware wysheid om op so 'n vraag te antwoord. Die antwoord mag nie veroordelend of uit die hoogte wees of so asof ons die wysheid in pag het nie. Ten diepste moet ons die mens agter die vraag antwoord. En só antwoord dat ons iets sê oor "die hoop wat in ons lewe (1 Pet. 3:15)

Sing: Psalm 66:7 (1936)

Dr. F van der Walt (Emeritus)